



ENGLISH TEXT BELOW

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: FEBRUARIE 2020

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappy 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk / verkeerdelik ontvang het, stel asseblief die versender by hsagenquiries@gmail.com onmiddellik in kennis en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die www.hsaction.co.za webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – INHOUDSOPGAWE

- 1 HS 21 & 22 - “OPT-IN” AND OTHER INFORMATION
- 2 HS 21 & 22 - DIGITALE UURGLAS – SPER DATUM VIR “OPT-IN”
- 3 BELEGGERS MET EISE IN HS 15 TOT 20
- 4 SO BERIG DIE MEDIA OOR DIE PICVEST-BELEGGINGS – DEEL 6
- 5 BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

1. HS 21 & 22 - "OPT-IN" EN ANDER INLIGTING

Die Hof het beslis dat ALLE HSAG LEDE WIE SE BYDRAES VOOR OF OP DIE AFSNYDATUM VAN 31 JANUARIE 2020 OP DATUM IS, nie registrasiekostes van tussen R4 500 en R6 500 hoef te betaal nie en OUTOMATIES DEEL VORM VAN DIE GESERTIFISEERDE HIGHVELD SYNDICATION 21 LTD EN HIGHVELD SYNDICATION 22 LTD KLAS-AKSIE. Hierdie is die enigste uitsondering wat die Hooggeregshof gemaak het in terme waarvan HSAG lede nie hoef te registreer nie.

Om HSAG-lede behulpsaam te wees, het die regspan talle kennisgewings, SMS's en interim state sedert Desember 2019 en gedurende Januarie 2020 uitgestuur. Weens talle lede wat gedurende die laaste paar dae state versoek het om hul uitstaande betalings op datum te bring, asook probleme met die SEACOM internasionale internetlyne wat vertragings veroorsaak het met allokasies, het die HSAG se prokureurs, Theron & Vennote, op 31 Januarie 2020 tot middernag oopgebly om betalings te allokeer en lede by te staan met hul navrae.

Op grond van navrae wat sedert Vrydag, 31 Januarie 2020, ontvang is het die HSAG Bestuur die volgende besluit geneem vir HSAG lede om opbetaal te wees en aan die Hofbevel te voldoen, naamlik:

Dat alle betalings wat deur of namens HSAG lede gemaak is in terme van die Gautengse Hooggeregshofbevel moet geskied;

Die Hof het gelas dat alle HSAG lede wat opbetaal is teen 31 Januarie 2020, outomaties geag word om te OPT-IN en nie weer registrasiegelde hoef te betaal of geregistreer hoef te word nie;

Weens omstandighede:

- buite die HSAG Bestuur, die HSAG en sy lede se beheer; en
- onder andere die feit dat sommige HSAG LEDE of hul verteenwoordigers fondse van ander finansiële- en bankinstellings as Standard Bank, tot en met die afsnydatum, 'n Vrydag, inbetaal het (selfs van oorsee); en
- weens 'n geweldige onnodige administratiewe las wat op die HSAG Bestuur, HSAG, sy lede en bronne geplaas word;
- koste-, beleid en billikheidsoorwegings; en
- die balans van gerief;

was daar in oorlegpleging met die aangestelde ouditeure, prokureurs en bankinstelling van die HSAG en CCAF, besluit om, sonder uitsondering, vyf (5) besigheidsdae gracie te verleen ná 31 Januarie 2020, vir alle Suid-Afrikaanse inbetalings, om in die HSAG se toegewyde Standard Bank trustrekening te REFLEKTEER, ten einde vir lede om opbetaal en outomaties by CCAF geregistreer te wees.

Vir aansprake op alle betalings wat daarna reflekteer moet die HSAG lid/sy genomineerde skriftelike bewys lewer dat die gelde vóór die afsnydatum van 31 Januarie 2020 oorbetaal was.

Wanneer u betalings maak, is dit uiters belangrik dat u die korrekte verwysings gebruik soos vantevore deurgegee. Talle HSAG-lede het navrae gerig, en soms selfs aanvallende beweringe, in verband met betalings wat nie op hul state aangedui word nie. In die meerderheid van die gevalle is dit die gevolg van 'n verkeerde verwysing, of soms selfs geen verwysing, wat op die betaling aangebring word. Allokasies vind plaas op identifiseerbare inbetalings. Indien u enige navrae het rakende 'n betaling wat nie op u staat verskyn nie, versoek ons dat u die betalingsbewys saam met u navrae stuur na hsactiongroup@gmail.com. Daar is betalings gemaak oor die afgelope vyf jaar wat nie geallokeer is nie aangesien die inbetaler nie opgespoor kan word nie, of dit is bloot weens anonieme persone wat die HSAG ondersteun.

Die HSAG regsplan het verder meegedeel dat die klas-aansoek vir HS 21 & 22 reeds uitgereik en beteken is op die Respondente en dat die normale Hofreëls nou in werking is. Dit beteken ondermeer dat die Respondente 'n geleentheid het om te reageer op die beweringe wat die Applikante maak in die klas-aansoek.

Een van die belangrike volgende stappe wat die regsplan moet neem met betrekking tot die "opt-in" van beleggers in HS 21 & 22, is om die inligting van elke persoon wat "opt-in" (outomaties of deur die portaal en registrasiefooi te betaal) te versamel om sodoende hul identiteit te verifieer. Die inligting sal benodig word om aan FICA (Financial Intelligence Centre Act) vereistes te voldoen. Persone kan dus solank begin om die nodige dokumentasie bymekaar te kry. Die dokumentasie tans benodig is 'n afskrif van u Identiteitsdokument, sowel as 'n bewys van adres (nie ouer as drie maande).

In die tussentyd kan u solank u FICA dokumente stuur na accounts@ccaf.co.za.

Die Kennisgewing van Mosie kan besigtig word by:

<http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2019/10/Amended-Notice-of-Motion-Fast-Tracking-of-buyback-claims.pdf>

Die Hofbevel en uitspraak gelewer deur Regter Tolmay op 10 Desember 2019 kan besigtig word by die volgende skakel:

<http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HS2122Order.pdf>

Ons vertrou in u samewerking en sukses in die aangeleentheid.

2. HS 21 & 22 – DIGITALE UURGLAS – SPERDATUM VIR “OPT-IN”

MINDER AS 3 WEKE OOR

Neem kennis dat die periode om te “opt-in” vir beleggers in HS 21 & 22 (alle beleggers wat nie teen 31 Januarie 2020 volopbetaalde HSAG-lede was nie) op 16 Maart 2020 sluit.

Indien 'n HSAG-lid nie opbetaal was teen die afsnydatum nie, moet daardie lid, indien hy/sy deel wil wees van die HS 21 & 22 gesertifiseerde klas-aksie, registreer by die klas-aksie op die aanlyn “opt-in” portaal wat al sedert 1 Februarie 2020 beskikbaar is by www.ccaf.co.za.

Daardie lede sal sondermeer ook die registrasiekoste, soos bepaal deur die Hof, moet betaal. Indien 'n belegger se totale gekombineerde belegging in HS 21 & HS 22 R100 000 of minder beloop, is 'n registrasiefooi van R4 500 betaalbaar. Indien 'n belegger se totale gekombineerde belegging in HS 21 & 22 meer as R100 000 beloop, is 'n registrasiefooi van R6 500 betaalbaar.

Hierdie registrasiefooi is onmiddellik betaalbaar sodra u besonderhede op die “opt-in” portaal ingesleutel is. Neem kennis dat die registrasiefooi nie betaalbaar is in die HSAG trustrekening nie, maar in 'n unieke CCAF trustrekening, soos deur die hof bepaal, welke CCAF trustrekening se besonderhede op die “opt-in” portaal aangedui word.

Die doel van die unieke CCAF trustrekening is om te voldoen aan die hofbevel wat bepaal dat daar nie ongemagtigde kruissubsidiëring plaasvind tussen die HSAG en die gesertifiseerde HS 21 & HS 22 klas-aksie nie.

Persone wat “opt-in” en skriftelik aansoek doen om die registrasiefooi oor ses maande af te betaal deur wyse van die voorgeskrewe aansoekvorm, moet hul totale registrasiefooi teen 31 Julie 2020 ten volle betaal om deel te wees van die gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie.

Indien die volle registrasiefooi nie binne ses maande, soos vasgestel, betaal is nie, kan daardie persone ongelukkig nie deel wees van die gesertifiseerde klas-aksie (“CCAF”) nie.

Ten aansien van lede wat teen die afsnydatum opbetaal was, wil die HSAG Bestuur graag onder hul aandag bring dat hul steeds e-posse en SMSse sal ontvang wat verwys na die “Opt-In” proses. Hierdie kennisgewings word gestuur aan alle HS 21 & 22 beleggers, ongeag van hul HSAG lidmaatskap. Indien u reeds deel is van die gesertifiseerde klas-aksie kan u die SMSse en e-posse ignoreer en hoef u u nie te bekommer nie.

3. BELEGGERS MET EISE IN HS 15 TOT 20

Indien u nie enige beleggings in HS 21 en/of HS 22 het nie, hoef u nie enige CCAF stappe in hierdie verband met die “Opt-In” proses op hierdie stadium te neem nie. Die HS 15 – 20 sertifiserings-aansoek is reeds uitgereik en beteken op Georgiou en andere en is die onderskeie regsvertegenwoordigers tans besig om stukke uit te ruil.

Die proses verloop nou in terme van die Hofreëls, in terme waarvan daar sekere spertye gekoppel word aan die stappe wat die onderskeie partye moet neem.

Daar het tydens die feesseisoen gerugte die rondte gedoen dat die plasing van Zephan en Orthotouch in sakeredding noodwendig sal beteken dat alle litigasie gestaak word buiten as die sakereddingspraktisyn daartoe toestem. Hierdie misleidende inligting bevat nie die volle waarheid nie. Die Maatskappyewet bepaal uitdruklik dat litigasie teen ’n maatskappy in sakeredding kan voortgaan met die toestemming van die sakereddingspraktisyn of indien die Hof so gelas. Indien die Hof dit gelas, kan daar dus voortgegaan word met litigasie al stem die sakereddingspraktisyn nie in daartoe nie. Die HSAG se regsplan het nog geen sakereddingsplan deur die sakereddingspraktisyn gesien om die nodigheid of meriete van so ’n versoek te oorweeg nie en by voorbaat ’n bede in die aansoekstukke ingevoeg om die Hof se toestemming te verkry.

Die HSAG het ook in die HS 15 tot 20 sertifiserings-aansoek wat in Desember 2019 uitgereik en beteken is die Hof versoek om te gelas dat die litigasie kan voortgaan, ten spyte van sakeredding. Dit is ook belangrik om kennis te neem dat die litigasie nie alleenlik teen Orthotouch of Zephan gevoer word nie, maar dat daar talle Respondente is wat onder ander Mnr. Georgiou en van sy familieleden in hul persoonlike hoëdanigheid insluit. Van die ander Respondente is Mnr. Hans Klopper, die sakereddingspraktisyn van die HS maatskappy.

Die HSAG Bestuur tree in die beste belange van al sy lede op en is steeds van voorneme om, soos voorheen bekend gemaak, namens elke HSAG-lid wat opbetaal is te

onderhandel indien daar enige skikkingsonderhandelinge mag plaasvind. Hierdeur word daar opgetree namens elke lojale lid wat dit vir die HSAG oor die jare moontlik gemaak het om, deur hul ondersteuning, hierdie punt te bereik.

4. SO BERIG DIE MEDIA OOR DIE PICVEST-BELEGGINGS – DEEL 6

’n Finansiële joernalis van Moneyweb het ’n reeks artikels geskryf oor die Picvest-saga.

Die gemelde artikels gee vir lesers ’n goeie agtergrond en begrip oor presies wat oor tyd gebeur het in die Picvest-saga, sedert Georgiou betrokke geraak het.

Soos in vorige nuusbriewe, gaan ons steeds voort om kort en bondige opsommings van die artikels te gee, maar ons wil u graag uitnooi om die artikels, wat op die amptelike HSAG-webblad by www.hsaction.co.za verskyn, te lees.

DEEL 6 van die reeks artikels: “**The peculiar case of the Picvest billions: Part 6**” gaan voort om die ingewikkelde geskiedenis van die Hoëveld Sindikase (HS) skemas sedert hul ontstaan te verduidelik.

Hierdie artikel handel oor die verkoop van 31 voormalige HS eiendomme deur Orthotouch aan Accelerate Property Fund Ltd (“Accelerate”). Dit was die grootste enkele verkoop van HS eiendomme sedert die HS maatskappye in besigheidsredding geplaas is.

Alhoewel daar versekering was dat hierdie verkoopstransaksies beleggers in die HS maatskappye sal bevoordeel, het dit eerder tot gevolg gehad dat die HS bates effektiewelik geplunder was.

’n Moneyweb volg-die-geld ondersoek het bevestig dat geen van die 76 HS eiendomme ooit oorgedra was aan die sogenaamde besigheidsreddingsvoertuig, Orthotouch, nie en dat slegs twee van hierdie eiendomme nie verkoop is aan ’n derde party nie.

Die verkoop van die 31 eiendomme aan Accelerate het daartoe gelei dat Orthotouch ’n rekeningkundige verlies van R782 miljoen gelei het, terwyl slegs R30 miljoen van die R1 323 miljard opbrengs na Orthotouch gevloei het. Die balans was aangewend om verbande van die 31 eiendomme, sowel as ander eiendomme wat gekoppel was aan Orthotouch en die Georgiou familie, af te betaal.

Ingesluit in die 31 eiendomme, was 16 hoogs kontroversiële ontwikkelings. Hierdie 16 eiendomme was deel van die 42 wat Nic Georgiou aan HS beleggers in die laat 2000’s vir R3.4 miljard verkoop het. Hierdie eiendomme was egter nooit oorgedra aan die HS maatskappye nie. Hulle was ook veronderstel om oorgedra te word aan Orthotouch in terme van die besigheidsreddingsplan, maar was nooit nie. Die verkoop van hierdie eiendomme aan Accelerate beteken dus dat Georgiou die eiendomme twee keer verkoop het, eerstens aan die HS beleggers en daarna aan Accelerate, ’n onderneming gelei deur sy seun, Michael.

Die nie-oordrag van die HS maatskappy is huidig die onderwerp van 'n strafregtelike ondersoek. Tot op hede is die R3.4 miljard onverklaarbaar.

Uit die Moneyweb ondersoek is dit duidelik dat die HS beleggers geen voordeel getrek het uit die verkoop van die eiendomme aan Accelerate nie. Dit was eerder 'n voortsetting van die afverkoop van voormalige HS eiendomme gekoppel aan Orthotouch aan derde partye. Die beduidende verliese wat Orthotouch gely het, dui ook daarop dat beleggers ernstige finansiële skade gely het.

Die artikel handel dus oor hierdie 31 eiendomme wat oorgedra is aan Accelerate en hoe die opbrengste aangewend is.

Die Accelerate Property Fund

Accelerate Property Fund het op 12 Desember 2013 genoteer op die JSE met 'n portefeulje wat bestaan het uit 51 eiendomme ter waarde van bykans R6 miljard. Michael Georgiou, Nic Georgiou se seun, was en is steeds die maatskappy se Hoof-uitvoerende beampste en grootste aandeelhouer.

Twee noemenswaardige batebestuurders, Stanlib (13%) en Coronation (30%), het ook 'n groot hoeveelheid aandele in Accelerate gekoop.

Accelerate het gespog met 'n indrukwekkende direksie. Tito Mboweni was voorsitter van Accelerate se direksie voor hy sy amp as Minister van Finansies ingeneem het. Dr. Gert Cruywagen, 'n lid van die King Komitee op Korporatiewe Bestuur is, is huidig die interim voorsitter van die direksie.

Die Orthotouch eiendomme

Die volledige 162 bladsy Accelerate voor-noterings verklaring het die 51 eiendomme van Accelerate as "Georgiou's family's unique property portfolio" beskryf. Die amptelike persverklaring wat die notering bekend gemaak het, het ook gesê dat die portefeulje opgebou was deur die Georgiou familie oor die vorige 46 jaar.

Die vlagskip eiendomme was geïdentifiseer as Fourways inkopiesentrum in Johannesburg, die Loch Logan Waterfront inkopiesentrum in Bloemfontein en die Parow sentrum in Kaapstad.

Van besondere belang vir doeleindes van die artikel, is 31 van die 51 eiendomme wat as "Orthotouch Properties" identifiseer is. Hierdie eiendomme is waardeur vir bykans R1.5 miljard en het ongeveer 24% van Accelerate se portefeulje verteenwoordig ten tyde van notering. Wat die voor-noteringsverklaring en persverklaring versuim het om te noem is dat hierdie eiendomme eintlik gesindikeer was aan die 18 000 HS beleggers gedurende die laat 2000's, maar dat hulle nooit oorgedra is deur Nic Georgiou, of sy verwante maatskappye, aan die HS maatskappye nie.

Daar is ook versuim om te openbaar dat hierdie eiendomme oorgedra moes word aan Orthotouch, die reddingsvoertuig wat Hans Klopper op die been gebring het in sy sakereddingsplan. Klopper was ook 'n direkteur van Orthotouch op daardie stadium. Die voor-noterings verklaring het bloot openbaar dat Accelerate die Orthotouch eiendomme sou aankoop vir R1.323 miljard, wat R165 miljoen minder was as die onafhanklike waardasie.

In antwoord op vrae deur Moneyweb het Accelerate, via die prokureursfirma, Glyn Marais, gesê dat hierdie inligting nie geopenbaar is nie aangesien die direksie geadviseer is dat geldige en bindende verkoopsooreenkomste aangegaan is tussen die verskeie partye, waarin die verkoop van die eiendomme aan Orthotouch ooreengekom is, en dat Orthotouch regmatig geregtig was om die eiendomme te verkoop en oor te dra aan Accelerate.

Glyn Marais het ook bevestig dat die Orthotouch direksie, en spesifiek Klopper in sy hoedanigheid as direkteur van Orthotouch, die gesag gehad het om die transaksies goed te keur.

In antwoord op vrae wat in 2018 aan Accelerate gestuur is het Glyn Marais verklaar dat die koopprys wat Accelerate betaal het vir die Orthotouch eiendomme ooreengekom was met Hans Klopper, die sakereddingspraktisyn en direkteur van Orthotouch ten tye van notering. In die drie jaar periode tussen die datum waarin die Orthotouch eiendomme waardeer is vir doeleindes van die sakereddingsplan en die datum van Accelerate se notering, sou daar noodwendig 'n verandering wees in die waardasie van die Orthotouch eiendomme.

Hierdie verandering in waarde het volgens Glyn Marais plaasgevind as gevolg van 'n aantal faktore. Hierdie faktore sluit ondermeer die toestand van die geboue, vakatures, die hoeveelheid kapitale uitgawes vereis, sowel as verskillende huurprofiel in. Vir die doeleindes van die notering, was daar dus 'n onafhanklike waardasie gedoen om die billike markwaarde van die Orthotouch eiendomme en die huurpersele daarop te bepaal.

Hierdie verklaring deur Marais is egter nie in geheel akkuraat nie aangesien die HS eiendomme nooit onafhanklik deur Klopper gewaardeer is tydens die besigheidsreddingsproses nie. In die sakereddingsplan (para 5.1.4.3.3) het Klopper gesê dat 'n bron (wie nie bekend gemaak is nie) hom geadviseer het op die waardes van die eiendomme en dat hy nie tyd of hulpbronne gehad het om die eiendomme onafhanklik te waardeer nie.

Herwaardasie van eiendomme

Dit is interessant om te let dat Accelerate binne slegs vier maande na notering die eiendomme op hul portefeulje herwaardeer het. Hierdie herwaardasie het tot gevolg gehad dat Accelerate se portefeulje met 'n waarde R425 miljoen verhoog het. Moneyweb het ondersoek ingestel en Accelerate gevra of die Orthotouch eiendomme ook herwaardeer was. Accelerate het nie geantwoord nie.

Verkoopstransaksies

Die Moneyweb ondersoek, wat op die verkoopstransaksies in die eiendomme se titelaktes baseer is, het bevind dat Orthotouch 'n verlies van ongeveer R782 miljoen gely het as gevolg van die verkoop van eiendomme aan Accelerate, terwyl hierdie verliese gely is deur Orthotouch, het entiteite, wat aan Georgiou gekoppel is, 'n wins van R881 miljoen gemaak.

Die aard van die transaksies is ook interessant, veral die transaksies rakende die 16 eiendomme wat Nic Georgiou gesindikeer het aan die HS maatskappye, maar nooit oorgedra het nie. Hierdie eiendomme is oorgedra in rug-aan-rug transaksies. Die aard van rug-aan-rug transaksies word verduidelik deur te kyk na die transaksiebesonderhede van een van die eiendomme, 1 Charles Crescent. Die transaksiebesonderhede dui aan dat Zephan, 'n maatskappy wat Nic Georgiou besit, die eiendom bekom het in 2006 vir R41 miljoen (dit was nooit aan HS 22 oorgedra nie alhoewel beleggers R206 miljoen daarvoor betaal het). In 2013, kort voor Accelerate genoteer is, het Zephan die eiendom aan Orthotouch verkoop vir R216.4 miljoen. Orthotouch het dan direk daarna weer die eiendom aan Accelerate verkoop, vir R110.8 miljoen, sonder om ooit eienaarskap daarvan te neem.

Die resultaat van hierdie transaksies was dan dat Zephan 'n wins van R175 miljoen gemaak het, terwyl Orthotouch 'n verlies van R106 miljoen gely het. Dit is nog onduidelik of Orthotouch die kontant gehad het om Zephan die R175 miljoen te betaal. Dit word egter later in die artikel verduidelik dat die R110.8 miljoen nie aan Orthotouch direk betaal is deur Accelerate as vergoeding nie, maar eerder om verbandlenings af te betaal.

Soortgelyke transaksies het plaasgevind vir al 16 eiendomme.

Openbaarmaking van transaksie besonderhede

Glyn Marais het die volgende namens Accelerate geantwoord toe daar gevra is of die Accelerate direksie bewus was dat die eiendomme nooit oorgedra was vanaf die HS maatskappye nie en dat die eiendomme die onderwerp was van 'n strafregtelike ondersoek:

“The board of directors of our client took advice and received legal opinion that the properties syndicated by the Highveld Syndication Companies must not be purchased directly from these companies and that all transactions relating to the Highveld Syndication properties must only be transacted through Orthotouch, as the Business Rescue vehicle. In accordance with the legal advice that the Board received, it dealt with the court approved Business Rescue Practitioner, who had the requisite legal authority and responsibility of implementing the Business Rescue Plan, in respect of the Orthotouch Properties. Our client purchased the Orthotouch Properties at fair market value in terms of arm's length transactions, which were viable and lawful business opportunities for our client to pursue.”

Van Glyn Marais se antwoord kan daar dus afgelei word dat die direksie wel bewus was van die nie-oordrag van die eiendomme, en dat die 16 eiendomme effektiewelik vir 'n tweede keer verkoop is deur Nic Georgiou aan sy seun se maatskappy.

Nie-openbaarmaking van de bedrae wat Orthotouch betaal het nie

Accelerate se voor-noteringsverklaring het ook nie die beduidende verliese wat Orthotouch gely het bekend gemaak nie. Die verklaring het net aangedui wat die entiteite verwant aan Nic Georgiou en die HS maatskappye daarvoor betaal het en wat Accelerate weer daarvoor betaal het. Dit was dus glad nie opsigtelik dat Orthotouch, die reddingsvoertuig gedefinieer in die besigheidsreddingsplan, in die proses 'n verlies gely het van R782 miljoen nie.

Glyn Marais het in antwoord hierop die volgende gesê dat die koopsom waarteen Orthotouch die Orthotouch eiendomme bekom het, en die koopsom wat gereflekteer word in die titelakte waarna verwys word in die Moneyweb brief waarop hy reageer, ooreenkomstig die koopsom was wat aangebied en aanvaar was op grond van die besigheidsreddingsplan, in welke proses Accelerate nie betrokke was nie. Die verwysing na "current owner" geopenbaar in die voor-noteringsverklaring, verwys na die destydse eienaar van die Orthotouch eiendomme.

Accelerate het ook verskil met Moneyweb se berekening dat Orthotouch 'n rekeningkundige verlies van R782 miljoen gely het, maar het nie enige verdere inligting verskaf om dit te substansieer nie.

Klopper se reaksie

Klopper het geweier om enige spesifieke vrae te beantwoord rakende die verkoop van eiendomme aan Accelerate. Hy het egter al in vorige briewe aan beleggers melding gemaak van hierdie verkoopstransaksies.

In 'n brief gedateer 3 Augustus 2018 het Klopper reageer op bewerings wat in 'n HSAG nuusbrief gemaak is. In sy brief het hy bevestig dat die eiendomme verkoop is vir R1 323 440 540 en bygevoeg dat Orthotouch 'n totaal van R1 707545 560 ontvang het vanuit die Accelerate transaksie, 'n bedrag van R157 miljoen meer as wat Orthotouch kontraktueel geregtig was om te ontvang. In kort, was die vervreemding van bates volgens Klopper tot die direkte voordeel van beleggers.

Hierdie "voordeel" het nie na beleggers gevloei nie. Minder as 'n jaar na die Accelerate transaksie het die sakereddingsplan misluk en was dit geherstruktureer deur 'n Art 155 Reëlinskema. In hierdie skema het Georgiou armoede gepleit en die betalings aan beleggers is verder verminder.

Een van die redes vir die mislukking moet wees dat beleggers nie die opbrengs van die 31 eiendomme ontvang het nie. Die R1. 323 miljard opbrengs was gebruik om verbande

af te betaal. Die 31 eiendomme se verbande was betaal, maar ook die verbandlenings van eiendomme wat nie deel was van die 31 Orthotouch eiendomme nie (welke ander eiendomme besit of beheer word deur entiteite verwant aan die Georgiou familie).

Hierdie het gebeur binne slegs 'n paar jaar na HS beleggers bykans R5 miljard belê het om 76 onbeswaarde eiendomme te bekom. In een transaksie is bykans helfte van die eiendomme verkoop en die opbrengs gebruik om verbande te betaal, wat nie veronderstel was om ooit daar te wees nie.

Geen bedoeling deur Orthotouch om ooit Accelerate aandele te hou nie

Accelerate se voor-noteringsverklaring het bepaal dat daar geen voorneme is om aandele in Accelerate aan Orthotouch uit te reik as betaling vir die eiendomme nie. Ten spyte van gereelde verwysings in die verklaring dat Accelerate aandele en kontant sal uitreik om die R1 323 miljard koopsom te betaal, het die verklaring dit ook duidelik gemaak dat daar nooit enige bedoeling was vir Orthotouch om aandele te ontvang nie.

Weggesteek op bladsy 128 in Aanhangsel 12, van die voor-noteringsverklaring, word daar bepaal dat Orthotouch afstand sal doen van enige aandele wat dit sou ontvang deur hierdie transaksie aan die Michael Family Trust. Geen verdere inligting word voorsien nie.

Glyn Marais het wel aan Moneyweb bevestig dat geen aandele aan Orthotouch uitgereik was nie en dus was daar geen aandele afgestaan aan die Michael Family Trust nie. Glen Marais het egter nie die vraag beantwoord waarom Orthotouch in die eerste plek afstand gedoen het van die aandele nie.

Volgens Marais is die rede daarvoor dat Orthotouch se bestaande finansierders nie sou instem tot die vrystelling van die Orthotouch eiendomme vanaf die onderskeie verbande nie, buiten en totdat al die bedrae dan verskuldig aan die bestaande finansierders ten volle betaal is nie, insluitend die skikking van bedrae verseker deur die verbandlenings oor grond en verhuringsondernemings wat nie deel gevorm het van die Orthotouch eiendomme gekoop deur Accelerate vir die notering nie.

Marais het verder gesê dat, as gevolg van die bogenoemde, die oorblywende eiendomme in Orthotouch se portefeulje wat nie deel gevorm het van die Orthotouch eiendomme in die Accelerate notering nie, die voordeel ontvang het dat hul leunings ten volle betaal is en dat hul dus onbeswaar geraak het. Indien Accelerate aandele uitgereik was aan Orthotouch, sou Orthotouch nie die kapitale hulpbronne gehad het om die bedrae verskuldig aan Orthotouch se finansierders te betaal nie, of om die verbande geregistreer teen die eiendomme te kanselleer nie, insluitend die Orthotouch eiendomme. Volgens Marais het die Michael Familie Trust ooreengekom om betalings van die volle bedrag (om die Orthotouch fasiliteite te delg) te betaal. Aandele in Accelerate is toe uitgereik aan die Michael Familie Trust in ruil vir die betaling.

Marais het verder openbaar dat 'n bykomende bedrag van ongeveer R157 miljoen betaal is deur die Michael Familie Trust om die uitstaande verbandlenings te delg.

Dit is interessant dat, ten spyte daarvan dat Marais in sy antwoord genoem het dat aandele uitgereik is aan die Michael Familie Trust in stede van die R157 miljoen, Marais later ontken het dat sulke aandele uitgereik is in 'n latere brief aan Moneyweb.

Afbetaling van verbandlenings

Die aanwending van die opbrengs van die verkoop van die 31 eiendomme aan Accelerate om die verbandlenings van die 31 Orthotouch eiendomme, sowel as ander ongenoemde eiendomme, verdien verdere analise.

Vanuit Marais se antwoord is dit duidelik dat die opbrengs aangewend is om verbandlenings van talle Orthotouch eiendomme, sowel as die van ander eiendomme, af te los.

Marais het later namens Accelerate bevestig dat hul nie bewus is van die identiteit van die ander eiendomme nie, maar het wel genoem dat die eiendomme verwant is aan Orthotouch.

Accelerate het gesê dat hierdie afbetalings noodgedwonge was aangesien die banke volle afbetalings van die verbandlenings geëis het. Selfs verbandlenings verwant aan eiendomme in wat nie deel was van die Orthotouch eiendomme nie.

Glyn Marais het bevestig dat Accelerate R1.3 Miljard betaal het aan Rand Merchant Bank en Investec om die verbandlenings ten volle af te los. Daar was ook 'n addisionele R332 miljoen betaal aan Investec om verbande af te betaal wat nie deel was van die Orthotouch eiendomme nie.

Klopper het verwys na die aflos van die verbandlenings in 'n brief aan aandeelhouers gedateer 14 Februarie 2014. In die brief het Klopper bevestig dat die notering Orthotouch in staat gestel het om alle bankskulde oor al die eiendomme wat aangewys is vir oordrag na die Orthotouch portefeulje af te los en, op grond van die notering, die waarde van die portefeulje van onbeswaarde eiendomme wat Orthotouch 'n reg het om eienaarskap van te neem ongeveer R3 miljard beloop. Klopper noem verder in die skrywe dat die proses om die portefeulje in Orthotouch te registreer nou aanvang sal neem, ingesien dat net eiendomme wat Orthotouch in die langtermyn wil behou oorgedra sal word.

Sedert Accelerate se notering and die aflos van die verbandlenings, is geen eiendomme oorgedra na Accelerate toe nie. Alle oorblywende eiendomme is kort daarna verkoop aan onverwante derde partye, insluitend Delta Property Fund. Dit is nie duidelik hoe hierdie transaksie beleggers kon bevoordeel nie.

Oorblywende eiendomme na Accelerate se notering

Moneyweb het ook gekyk na die eiendomme wat na Orthotouch oorgedra moes word wat nie ook aan Accelerate verkoop is nie. Dit was die volgende eiendomme:

	Eiendomme nie verkoop aan Accelerate	BRP waardasie
1	Panorama	R77 820 848
2	Nedcor Building – Germiston	R12 768 975
3	Spar Plaza Potgietersrus	R27 776 318
4	Banbury Cross Village shopping centre	R57 401 110
5	Standard Bank building – Nelspruit	R26 065 755
6	Riverview	R17 723 310
7	Bosveld Pick n Pay Centre	R79 921 480
8	Edgars Kroonstad	R34 623 120
9	Saveways	R464 159 510
10	Capital Protea	R24 768 730
		R823 029 156

Nog 27 eiendomme, wat nie oorspronklik aan die HS beleggers gesindikeer was nie, ter waarde van bykans R1.2 miljard wat ingesluit was in die besigheidsreddingsplan en oorgedra moes word aan Orthotouch, was ook verkoop. Die meerderheid is verkoop aan Delta Property Fund in 2016.

Onafhanklike forensiese ondersoek

Die gebeure hierbo toon duidelik dat 'n onafhanklike forensiese ondersoek nodig is om die natuur van die verkoop van die 31 eiendomme aan Accelerate te ondersoek, en ook hoe dit die Georgiou familie en die 18 000 voormalige HS beleggers bevoordeel het.

Uit Moneyweb se perspektief, en gebaseer op die opinies van verskeie eiendomsprokureurs, rekenmeesters en forensiese rekenmeesters, sal die verlies van R782 miljoen wat Orthotouch gely het, Orthotouch insolvent laat.

Die transaksies het ook duidelik die Georgiou familie bevoordeel, veral as die 16 eiendomme wat nooit oorgedra is aan die HS beleggers nie vir 'n tweede keer verkoop is deur entiteite verwant Georgiou aan Accelerate via Orthotouch. Die uitvoerige proses waardeur HS beleggers omseil is, en nooit oordrag geneem het van die eiendomme waarvoor hul betaal het nie, en ook nie die opbrengs daarvan nie, laat ernstige vrae opduik.

Die opbrengs was ook aangewend om verbandlenings van die eiendomme af te los. Selfs eiendomme wat nie in die Accelerate transaksies ingesluit was nie, se verbandlenings is afgelos en dan weer aan derde partye verkoop. Die verkope het ook geen duidelike voordeel vir beleggers gehad nie. Dit is ook kommerwekkend dat Nic Georgiou alle rentebetelings aan beleggers wat regstappe teen hom en Orthotouch neem en ondersteun, gestaak het.

Die verkoop van eiendomme aan Accelerate kan ook gesien word as die effektiewe plundering van die HS maatskappy en Orthotouch, die sakereddingsvoertuig, se bates, voor Orthotouch self se likwidasië. (Orthotouch is tans in sakeredding.)

Die enigste verloorders is dus die 18 000 ongelukkige HS beleggers wat eiendomme gekoop het, betaal het daarvoor, en niks het om vir hulle geld te wys nie, terwyl Nic Georgiou en Accelerate voordeel getrek uit hierdie transaksies. Dringende ingryping word benodig om sodoende te poog om ten minste van die beleggers se geld te red.

Artikel 417 verslag

Dit is van kritiese belang om te let na die identiteit van die direkteure van Orthotouch wie die voorwaardes van die verkoop van die eiendomme moes goedkeur. Buiten Klopper was korporatiewe prokureur en huidige voorsitter van die Nova Property Group, Connie Myburgh, Nic Georgiou en Panagiotis Kleovoulou die direkteure van Orthotouch.

Beide Klopper en Myburgh was onlangs genoem in 'n Artikel 417 verslag vir wangedrag gedurende die tydperk voor die likwidasië van 'n maatskappy genaamd Harrison and White. Die hoof uitgangspunt van die verslag was dat die likwidasië van die maatskappy vertraag is en dat dit 'n plunder van die bates van die maatskappy toegelaat het, wat baie min nagelaat het vir krediteure na likwidasië.

Klopper het in kommunikasie aan familie en vriende aangedui dat hy die Artikel 417 verslag sal laat hersien, terwyl Myburgh beweer dat hy nie die verslag gesien het nie aangesien dit vertroulik is.

***VERTAAL EN AANGEPAS EN DIE AKKURAAKTHEID VAN DIE VERTALING WORD NIE GEWAARBORG NIE.**

Sien die amptelike artikel by: <https://www.moneyweb.co.za/in-depth/investigations/the-peculiar-case-of-the-picvest-billions-part-6/>

5. BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrief vervat was, word nou beskikbaar gestel op die HSAG se webtuiste by www.hsaction.co.za en kan direk besigtig word by die volgende skakel: <http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HSAGTsCs.pdf>

Die HSAG Bestuur wil iedere en elke lid alle voorspoed en sukses toewens met die afsienbare toekoms.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com



AFRIKAANS HIERBO

MONTHLY NEWSLETTER: FEBRUARY 2020

This newsletter is addressed to you as a member of the Highveld Syndication Action Group (“HSAG”) on account of you having made an investment in the Highveld Syndication Companies 15-22 and/or support of the HSAG.

This email is confidential and is exclusively meant for the addressee. If you have received it in error/ wrongly, please notify the sender immediately at hsagenquiries@gmail.com and delete it. You may not copy, disclose or deliver any email received in error or any part of it to anyone else. HSAG’s webmaster uses antivirus software to prevent viruses and other malicious code. However, such software cannot prevent or eradicate all such code. The HSAG or its representatives will not be liable for any loss, harm or damage whatsoever arising from receipt or use of this email or otherwise, whether arising through negligence of the HSAG, its members, steering committee, and agents or otherwise.

The www.hsaction.co.za website is the primary place where you will find HSAG information, subject to the disclaimer contained therein (and also applicable hereto), although emails are also sent out from time to time.

The obligation to keep us up to date of any changes to your personal and/or contact details rests on you as HSAG member.

HSAG OFFICIAL NEWSLETTER –CONTENTS

- 1 HS 21 & 22 - “OPT-IN” AND OTHER INFORMATION
